21 Februarie 2023

Familienuus 431

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Dis een van die dae Lydenstyd. Dis weer tyd om in verwondering te staan voor die Evangelie – die Goeie Nuus – soos wat dit in God se hart ontstaan het.

Paulus het dit mooi gesê: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet." 1 Kor 2:9

Geseënde Lydenstyd.

GEMEENTES EN LERAARS

Proponent Rickus Blom is beroep na **Meyerspark** en word op 5 Maart daar bevestig.
Krugerwildtuin het **ds Juanita Greyvenstein** van Maitland as leraar beroep.
Pretoria-Faerie Glen het **dr Ronel Meylahn** beroep.
Witbank-Suid het **proponent Carli Blignaut** beroep.

Oorlede: Emeritus ds LJ (Wicus) Jacobs – voorheen leraar van Carolina en later pastorale hulp by Hendrina

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za . Die kursus Dink nuut oor jou bediening is vir leraars in die middelfase van hulle bediening. Van 7 tot 9 Maart praat hulle oor die erediens. Verder is daar 'n werkswinkel oor Paastyd op 15 – 16 Maart.

Dalk kan julle gemeente betrokke raak by **Bybel-Media** se projek om leesstof vir kinders te voorsien...

Hefsiba is die opleiding-instituut van die IRM – ons susterskerk in Mosambiek. Predikante word hier opgelei maar hulle bied ook kursusse in sielkunde, finansies en regte aan. Hierdie Instituut verstaan van 'n missionale bediening! Lees gerus hier oor hulle roeping asook oor geleenthede waar gemeentes prakties betrokke kan raak met hulpmiddels.

ONS PREDIKANTEKONFERENSIE

Ons maak weer so. Die week direk na Pinksterfees – **29 Mei tot 2 Junie** - gaan ons Skukuza toe vir ons jaarlikse asemskep en toerusting oor 'n aktuele onderwerp. Die Sinodale Diensraad finaliseer tans die spreker en tema vir 2023.

Die blyplek wat Sanparke vir ons groep reserveer, is beperk. Kontak dus dadelik vir Tersia by die Sinodehuis hieroor.

Aangeheg is die skrywe met inligting asook die inskryfvorm.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Op **3 Maart** word die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika gehou.

Dié Biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 175 lande vorm. Dit strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.

Die Wêreldbiddag vir Vroue bied vroue wêreldwyd verskeie geleenthede, onder andere om hulle geloof in Jesus Christus te bevestig. Dit bied gelowiges ook die geleentheid om versterk te word deur die geloofservaring van Christene uit ander lande en kulture. Ons geniet dan ook die voorreg om ander se laste te help dra deur saam met hulle en vir hulle te bid.

Die tema word elke jaar deur vroue van verskillende lande gekies. Die tema vir 2023, "*Ek het van julle geloof gehoor",* is gekies deur die vroue van Taiwan.

Kom ons as vroue neem die inisiatief om op 3 Maart by die werk, skool of in ons gemeente tyd af te staan om saam met vroue van oor die wêreld te verenig in gebed. Vir volledige inligting, *lees hier.*

VIR AANDAG FINANSIËLE BEAMPTES

Ons nuwe Bydraes vir Gesamentlike Bediening (Bydraes tot Gesamentlike Bediening)-model tree in werking vanaf 1 Maart 2023. Ons is saam opgewonde oor 'n model wat gemeentes sal help – en wat terselfdertyd kan toesien dat Oostelike Sinode se bediening oor 'n wye veld steeds kan voortgaan.

Vanuit die Sinodehuis het ons twee geleenthede aangebied deur Cathy Odendaal waarna finansiële beamptes en ander belanghebbendes van gemeentes genooi is. Dit het plaasgevind by Middelburg-Suid en Lynnwoodrif. 'n Groot DANKIE aan die twee gemeentes vir hulle fasiliteite en gasvryheid!

Baie belangrik: ons volg hierdie sessies op met 'n Zoom-sessie op Donderdag 23 Februarie 10:30 – 12:30 waar persone wat nie andersins teenwoordig kon wees nie, ook die inligting kan ontvang. Besonderhede is reeds per e-pos gestuur.

Aan die begin van die finansiële jaar word daar oor **begrotings, vergoedingspakkette en personeel** gepraat. Ons webwerf het die nuutste inligting hieroor. Skakel ook gerus met Cathy Odendaal in die Sinodehuis.

Finansiële beamptes het reeds 'n skrywe ontvang waarin die Sinode aanbied om hand te gee met die **administrasie van salarisse**. Heelwat gemeentes het aangedui dat hulle belangstel om dit te doen. Dis 'n gratis diens wat die Sinodehuis gaan lewer. Kontak dadelik vir Cathy Odendaal in die Sinodehuis sodat julle syfers in plek kan wees wanneer die nuwe finansiële jaar op 1 Maart afskop.

Die **Predikante en Amptenare Pensioenfonds** het verlede jaar 'n skrywe gestuur oor die reëlings dat elke gemeente as werkgewer met lede van die Pensioenfonds is sy diens, maandeliks R100 betaal om die begroting van die Pensioenkantoor te befonds. Baie dankie aan ons gemeentes wat dit reeds doen. Ons het nog 'n klompie gemeentes en CMR kantore, Rusoorde en verwante instansies wat hierdie oorbetaling nie doen nie. Sal julle asseblief dadelik hieraan aandag gee? Ons heg verlede jaar se skrywe weer hier aan. Die bankbesonderhede is ook in hierdie skrywe.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

RUSOORD CENTURION

Die Rusoord het 'n vakature vir 'n nagdiens-suster.

HULP AAN TURKYE

'n Ou bekende in ons Sinode, Petri Coetzee, en die gemeente Albertinia, neem inisiatief om teddiebeertjies na Turkye te stuur. Uitreikspanne sal nog vir maande wat kom by mense uitkom wat diep getraumatiseer is, onuitspreeklike seer beleef, en dalk alleen voel. Veral ook by kinders. Die Here het dit op hierdie gemeente se hart gelê om met hierdie projek iets in die rugsak van ramphulpwerkers te sit waarmee hulle kinders wat oor hul pad kom, kan troos. Lees meer oor Beertjies vir Turkye by https://bit.ly/3IpLOgn.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 6 Maart verjaar.

PREDIKANTE

25 Februarie - Danie Vermaak, Elarduspark
27 Februarie - Johan van der Merwe, Lynnwoodrif
5 Maart - Wouter van Wyk, Tygerpoort

EMERITI

22 Februarie - Gerrit Theron, Chrissiesmeer 2017
28 Februarie - Louis Louw, Pretoria-Oosterlig 2017
1 Maart - Anton Doyer, Ohrigstad 2008
2 Maart - Johan Froneman, ABID Transvaal 2011
3 Maart - Kobus Bezuidenhout, Dir Godsdienssorg Korrektiewe Dienste 1998
3 Maart - Steyn van Heerden, Nelspruit-Suid 2009
5 Maart - Elza Meyer, Moreletapark 2022
5 Maart - Petrus Etsebeth, Sekhukhuneland 2000

GEMEENTES

2 Maart - Breyten (81)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za